

Amptelike mondstuk van die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans

KERSFEES OP ONS VOORSTOEP: LIEFDE

Liefde is iets waaraan ons almal 'n groot en lewensbelangrike behoefte het. Om deur iemand liefgehe te word is 'n hoogs vervullende gevoel.

Gewoonlik soek ek liefde by ander persone en vul myself dan met hul liefde. Ek insinueer dit nie maar verwag dit van ander en beantwoord hul liefde in die mate wat ek dit van hulle ontvang.

Aan die ander kant ervaar ek 'n intense diep liefde vir my ongebore of pasgebore baba terwyl hy nog geen liefde aan my kan of wil gee nie. Ek aanvaar hom as my eie en neem as vanselfsprekend sy versorging op my. Ek doen dit omdat hy "deel" van my is. My eie wat op 'n wonderbaarlike manier uit my voortgekome het. Dit is iets wat eintlik as vanself in my ontstaan en feitlik onbeheers uit my uitvloei.

Wie of wat is die oorsprong van hierdie liefde? God Drie-Enig is self liefde. Omdat God self liefde is, is Hy ook die bron van alle liefde. Sonder Sy liefde in ons, kan ons nie ware liefde ervaar of gee nie.

Wat 'n onbegryplike en wonderlike begrip. **GOD IS LIEFDE!**

God het my oneindig meer lief as wat ek teenoor my baba ervaar. Hy plant Sy liefde in my en oorspoel my daarmee. Dit stel my in staat om, uit daardie onuitputlike liefdesbron in my, weer liefde aan ander te gee. As almal dit doen, sal almal ook liefde van mekaar ontvang sonder om van die standpunt uit te gaan om eers liefde te verwag.

Om aan ander te doen wat God vir ons gedoen het eis selfopoffering. Dit is die boustene van ons verhouding met God en ander mense. Die boustene van ons kerk, ons Volk en samelewing.

Die wonderlike is: As jy liefde onvoor-



waardelik gee, dan groei die liefde in jou en sal jy 'n ryker en ryper persoon word. Dink net wat kan gebeur as almal dit doen.

Die Goddelike liefde wat ons daartoe in staat stel is ons Here, Jesus Christus. Kyk wat het Hy vir ons gegee.

Kom ons herdenk die geboorte van God se Sigbare Liefde hierdie Kersfees met die regte gesindheid..

Aktiwiteite van die jaar:

Die GHA het in 2022 'n baie besige program gehad.

- Die jaarlikse Majubafees is op 25 tot 27 Februarie by Majuba gehou. Dit is deur Orania aangebied. Die GHA het daarin meegewerk en 'n aantal kinders daarnatoe geneem.
- Die Algemene Jaarvergadering het op 21 Mei plaasgevind.
- Op 6 April is die radiodrama "Temmers van die Stormkaap" oor Pretoria FM uitgesaai. Die GHA was een van die borge.
- Op 30 Junie het ons saam met Coert Grobbelaar die S le Roux Maraisgedenkuitvoering in die AfriForumteater aangebied.

• Ons het 'n stalletjie by die Sakeliga Kragdag vanaf 11 tot 13 Augustus beman. Tydens die 3 dae het ons in samewerking met die FAK 'n Jan van Riebeeck skolekomspeisie aangebied. Dit het die inkleur van prente uit die era van Jan van Riebeeck behels.

• Ons het op 14 Augustus Taaldag by die Voortrekkermonument gevier. Coert Grobbelaar en sy groep het ook opgetree. By die geleentheid is die GHA se AKRONIEM AFRIKAANS toekenning aan Flip Buys van Solidariteit toegeken.

• Ons het met 'n Skoleprojek begin. Dit behels dat ons kontak met skole opbou en hulle ondersteun en aanmoedig oor hulle Taal-, Kultuur-, Akademie- en Godsdiens opvoeding.

• Ons volg hulle prestasies en moedig hulle aan en wens hulle geluk met hul prestasies.

• André en Nelie Alkema het die Konsentrasiedag by die Paardekraal Monument in Krugersdorp bygewoon. André het namens die GHA ook 'n boodskap gelewer.

• Ons het gedurende hierdie jaar 9 uitgawes van die Tolbos, ons maandblad, die lig laat sien.

Hiermee sê ons dankie aan al die Bestuurslede vir hulle insette en waardevolle bydrae gedurende die die jaar.



Gedigtekompesisie 2022.

Die kompesisie het gewoonlik 10 afdelings waarin digters kan inskryf. Vanjaar het ons 13 afdelings gehad. Ons kon 3 afdelings byvoeg omdat Pieter Bruwer, verlede jaar se Algehele wenner, sy prysgeld teruggeskenk het om vir vanjaar se kompesisie te gebruik. Hy het dus die volgende afdelings geborg:

- Verset teen onreg!
- Taal, Kultuur en Geskiedenis
- Ode aan 'n digter, skrywer of geliefde

Ons sê weer vir Pieter baie dankie daarvoor. Dit het ons kompesisie vanjaar baie interessant gemaak.

Dankie aan Claudine, ons Administratiewe Beampte, vir al haar harde en toegewyde werk aan die administrasie van die kompesisie. Sy moes behoorlik bontspring met die administrasie. In 2022 het 155 digters 1048 gedigte ingeskryf vir die kompesisie. Die kompesisie het ontwikkel tot een van die grootste, indien nie die grootste, van sy soort in die land. Dit is voorwaar 'n geweldige groot prestasie.

Vier beoordelaars het elkeen, al 1048 gedigte beoordeel en twee ander beoordelaars het elk 'n gedeelte van die gedigte beoordeel. Effektief het ons dus 5 beoordelaars gehad wat gehelp het. Beoordeling het oor 4 fases plaasgevind om uiteindelik by die wengedigte uit te kom. Die beoordeling is afgehandel en al die wenners aangewys. Dit is nog ons geheim en sal op die Glansgeleentheid wat vir 28 Januarie 2023 beplan word, bekend gemaak word. Skryf die datum solank in julle dagboeke.

Baie dankie, André

Die Hoofbestuur maak bekend dat André Alkema bedank het en nie meer lid van die Hoofbestuur is nie. Die GHA wil vir hom dankie sê vir sy bydraes en die lang tyd wat hy by die bestuur betrokke was. Ons vertrou dat Nelie se gesondheid ook spoedig sal verbeter.



Nuwe opwindende geleenthede vir die GHA

Hoofbestuur het op sy vorige vergadering 'n dokument aanvaar waarin die werksveld van die GHA in terme van sy Grondwet, Manifes en Taakstelling uiteengesit is. Die dokument bestaan uit twee hoofdele.

In die EERSTE DEEL word die aktiwiteite uiteengesit, waarby die GHA op die oomblik betrokke is, en wys aan watter Bestuurslede dit as hul verantwoordelikheid geneem het.

In die TWEEDE DEEL gee dit ook 'n duidelike uiteensetting van die nuwe aktiwiteite waarby die GHA nog nie betrokke is nie en dringend by moet uitkom.

Dit skep opwindende nuwe geleenthede waaroor ons baie opgewonde is. Ons sal op ons volgende Bestuursvergadering ons aksieplanne vir 2023 agtermekaar kry.

Hoofbestuur kan gedurende 'n jaar vakatures op die Bestuur deur koöptasie vul. Die persone kan dan op die Hoofbestuur dien tot en met die volgende Algemene Jaarvergadering. Die omvang van ons aktiwiteite is van so 'n aard dat ons ekstra hande en energie nodig het om ons huidige aktiwiteite in stand te hou en die nuwe in werking te stel. Ons het dus dringend nuwe, entoesiastiese mense nodig om ons te help.

Joop Swanepoel en Norman Halder het hulself bereid verklaar om te help en ons het besluit om hulle op die Hoofbestuur te koöpteer.

Kom bied ook jou hulp aan. Jy hoef nie op die bestuur te dien nie, maar kan help met projekte!

Kersfeeswens

Mag die grootste geskenk wat jy die feesseisoen ontvang, dié wees van Liefde, Vreugde, Vrede, Gesondheid en Geluk.

Die Hoofbestuur wens al die lede 'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwe Jaar!

